LFP/026/0163/26

# HOFSAAK BEGIN OP 19 DESEMBER

Die Burger 7-12-56

## Voorvalle in Randse Landdroshof

DIE groot voorlopige ondersoek na beweerde hoogverraad begin op 19 Desember in die Johannesburgse landdroshof. Voorvalle het gister in daardie hof voorgekom, berig Die Burger se Randse verteenwoordiger.

Nog arrestasies weens beweerde hoogverraad of sedisie word in Durban verwag, is op goeie gesag verneem, berig Sapa. Dit is bekend dat speurders in gewone drag hul soektog na dokumente en geskrifte voortsit. Na verneem word, soek die polisie met lasbriewe na verdagte persone.

Eergister se landwye klopjag wat tot die inhegtenisneming van sowat 140 mense gelei het, het groot aandag in die Britse pers geniet.

Landdros M. R. Hartogh het gistermiddag in die Johannesburgse landdroshof gesê dat die voorlopige ondersoek na beweerde hoogverraad op 19 Desember daar begin en daagliks sal aanhou totdat dit afgehandel is. Twee naturelle, Joseph M. Kumalo (63), algemene handelaar van Letaba, en Arthur Elias Letele (41), geneesheer van Kimberley, het voor hom verskyn.

Voordat die landdros binnegekom het, het persfotograwe die naturelle afgeneem terwyl hulle die Afrika-teken gegee het. Die hofklerk het die name van die fotograwe daarna aan die landdros gegee. Hy het die pers en die aanwesiges in die hof ernstig gewaarsku. Die name van die betrokke koerante is genoem. Die landdros het gesê dat hy die redakteurs sal verbied om die foto's te plaas.

**BY HUIS BEWAAK**

„EK waarsku die publiek dat hulle die hof belet sal word as daar weer steurings is."

Altesame 22 mense is al uit Durban na Johannesburg gestuur nadat hulle in plaaslike howe verskyn het. Mnr. I. C. Meer, prokureur van Verulam, word in 'n huis in Ritsonlaan, Durban, deur die polisie bewaak. Mnr. Meer het pas 'n blindedermoperasie ondergaan. Die polisie wil hom in sy huidige toestand nie vervoer nie.

'n Tak van die Civil Liberties Defence Committee, wat eergister in Durban gestig is, het sewe sprekers genooi om die „mense oor die grootskaalse inhegtenisnemings in te lig". Hulle praat vanaand. Die sprekers is dr. Michael Hathorn, lid van die Congress of Democrats, prof. Leo Kuper, provinsiale voorsitter van die Liberale Party, mnr. Alan Paton, Uniale voorsitter van die Liberale Party, J. N. Singh, Florence Mkize, eerw. A. J. Choonoo en V. Lawrence.

Nog elf mense is gisteroggend per militêre vliegtuig uit Port Elizabeth en Queenstown na Johannesburg gebring. Hulle kom uit verskeie plekke in Oos-Kaapland.

Geestelikes wat in Oos-Kaapland in hegtenis geneem is, is eerw. J. A. Calata van Cradock, vooraanstaande lid van die A.N.C., en eerw. W. S. Awe van Queenstown, Kaaplandse voorsitter van die A.N.C. Albei is Anglikane.

**(Aansoeke om Borgtog op bl. 9.)**